

Instruksies:

- Lees die vrae deeglik deur.
- Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.
- Laat 3 lyne oop en trek 'n lyn daarna.
- Trek 'n 3cm puntekantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
- Nommer jou antwoorde volgens die vraestel.

Afdeling A:	Kortvrae	(15)
Afdeling B:	Toepassing van vaardighede	(15)
Afdeling C:	Langvrae	(10)

Afdeling A (15)

Kortvrae:

Vraag 1

<i>aardkors</i>	<i>buitekern</i>	<i>kern</i>	<i>mantel</i>	<i>oppervlak</i>
-----------------	------------------	-------------	---------------	------------------

Kies die korrekte woord in die bostaande tabel wat pas by die onderstaande definisie.

Skryf slegs die nommer en die korrekte woord.

(5)

- | | |
|-----------------------------------|-----|
| 1.1 Laag met semi-vloeibare magma | (1) |
| 1.2 Harde rotslaag | (1) |
| 1.3 Gesmelte yster en nikkell | (1) |
| 1.4 Soliede gedeelte | (1) |
| 1.5 Die buitekant of bokant | (1) |

Vraag 2

Herskryf die volgende stellings sodat dit die waarheid reflekteer. Onderstreep die gedeeltes wat gekorrigeer word. **(5)**

- | | |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.1 Daar is 11 groot tektoniese aardkorsplate op aarde en 'n aantal kleineres. | (1) |
| 2.2 Die Kring van vuur, in die Indiese Oseaan, is meestal onder water. | (1) |
| 2.3 Warm, vloeibare rots wat bokant die aardoppervlak vloei, word magma genoem. | (1) |
| 2.4 Die San Andreas-breuk loop langs die weskus van Kanada, naby Vancouver. | (1) |
| 2.5 Natuurlike plantegroei moet sover moontlik uitgeroei word om vloede se impak minder te maak. | (1) |

Vraag 3

Beantwoord die volgende vrae: **(5)**

- | | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 3.1 Waar het die vulkaan in 2010 uitgebars, wat lughawens regoor Europa laat sluit het? | (1) |
| 3.2 In dieselfde jaar was daar 'n geweldige aardbewing in Haïti. Hoeveel mense het weens daardie aardbewing gesterf? | (1) |
| 3.3 Watter berg in die noordweste van die VSA se kruin is in 1980 tydens 'n vulkaan weggeblaas? | (1) |
| 3.4 In die jaar 79 n.C. is die dorpie Pompeii deur 'n vulkaan op watter berg verwoes? | (1) |
| 3.5 Waar het die aardbewing in 2004 plaasgevind toe 250 000 mense gesterf het? | (1) |

Afdeling B (15)

Toepassing van vaardighede:

Vraag 1

Gebruik jou kennis oor die beweging van die tektoniese aardkorsplate. Maak twee grafiese voorstellings (tekeninge) daarvan om die beweging van die aardkorsplate voor te stel tydens: **(2)**

- 1.1 'n vulkaan (1)
- 1.2 'n aardbewing (1)

Vraag 2

Gevallestudie:

'n Dorpie, met die naam, Breakpoint, is geleë op die grens van die Noord-Amerikaanse- en die Juan de Fuca-plaat. Daar bly 3000 inwoners daar. Die dorpie lê teen 'n hoë berg wat altyd met 18m dik en harde sneeu bedek is. Daar is ook drie eilande, 4 km van die kus af, wat deel van die dorp vorm. Op elke eiland bly daar 350 mense wat vanaf bote visvang. Die twee plate beweeg baie stadig na mekaar toe. Die Noord-Amerikaanse-plaat word afgedruk en verkeer onder geweldige spanning. Meteens breek daar gesteentes onder die grond en die plaat ruk los om weer in posisie te kan kom. Die gevolge vir die dorpie en eilande is oorweldigend.



Beantwoord nou die volgende vrae: **(9)**

- 2.1 Watter drie soorte natuurlike rampe kan nou hier plaasvind? (3)
- 2.2 Wat sal die gevolge vir die oorlewendes op die eilande wees? Noem ten minste twee. (2)
- 2.3 Watter vier uitdagings sal daar vir die munisipaliteit van Breakpoint voorlê? (4)

Vraag 3

Beantwoord die volgende vrae: **(4)**

- 3.1 Wat dink jy is die kans dat hier, waar ons skool geleë is, 'n oorstroming kan plaasvind? (1)
- 3.2 Watter faktore in die omgewing sal 'n rol speel dat hier so 'n ramp veroorsaak kan word? (3)
OF
Watter faktore in die omgewing sal 'n rol speel dat hier glad nie so 'n ramp veroorsaak kan word nie?

Afdeling C

Langvrae:

Beantwoord die volgende vrae volledig: **(10)**

- 1 Noem en bespreek 5 dinge wat mense kan doen om oorstromings te voorkom. (5)
- 2 Ons het drie soorte natuurrampe behandel wat mense in verskillende gemeenskappe duur te staan kan kom. Bespreek waarom sommige gemeenskappe deur hierdie rampe 'n hoër risiko loop om nadelig beïnvloed te word as ander. (5)

Totaal: 40